**Gelykheid vir almal word bevorder deur vroue deur navorsing te bemagtig**

**Yeukai Chideya***

Internasionale Vrouedag word jaarliks op 8 Maart gevier om die prestasies van vroue te vier en geslagsgelykheid te bevorder. Die tema vir 2025 is 'Vir ALLE vroue en meisies: Regte. Gelykheid. Bemagtiging'.

Vanjaar se viering is ook die 30ste herdenking van die Beijing-verklaring en platform vir aksie, 'n wêreldwye verbintenis om vroue se bemagtiging en geslagsgelykheid te bevorder. Die Beijing-verklaring het 12 kritieke gebiede geïdentifiseer wat dringende optrede vereis, insluitende 'Vroue en gesondheid', wat op die bevordering van voortplantingsregte, moedergesondheid en toegang tot gesondheidsorg fokus, en 'Geweld teen vroue', wat daarop gemik is om geslagsgebaseerde geweld te voorkom en ondersteuning aan oorlewendes te bied.

In Suid-Afrika staar vroue 'n menigte uitdagings in die gesig wat hul daaglikse lewens beïnvloed. Baie ervaar seksuele en geslagsgebaseerde geweld, wat wydverspreid in die land voorkom. Volgens die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se eerste Suid-Afrikaanse Nasionale Geslagsgebaseerde Geweldstudie, 2022, het 36% van vroue seksuele of geslagsgebaseerde al geweld in hulle leeftyd ervaar. Vroue se veiligheid word dikwels deur geweld in intieme verhoudings en diepgewortelde patriargale geslagsoortuigings bedreig.

Dit kan veral moeilik wees om siklusse van geweld en mishandeling te ontsnap weens die hoë werkloosheidsyfer onder vroue, wat op net meer as 35% staan. Hierdie uitdagings is onderling verbind, met baie vroue wat verskeie vlakke van armoede ervaar, wat 'n langtermynuitwerking op hulle algehele welstand het.

Ek het as 'n kliniese maatskaplike werker meer as 'n dekade lank psigososiale ondersteuning aan vroue verleen wat uitdagings soos geestesgesondheidskwessies en geslagsgebaseerde geweld in die gesig staar. Ek kon in die beradingskamer na hulle ervarings luister en hulle behoefte aan ondersteuning verstaan. Een van my grootste uitdagings was egter dat hierdie ervarings beperk gebly het tot die privaatheid van die beradingskamer omdat ek beperkte toegang tot hulpbronne gehad het wat beleidmakers en ander toepaslike belanghebbendes in staat sou stel om die dringende behoeftes van vroue aan te spreek.

Vyf jaar gelede het ek 'n loopbaanverskuiwing gemaak toe ek as junior navorser by die Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing (ILCHR) aan die Universiteit Stellenbosch aangesluit het. Die Instituut lewer bewyse om gesondheid en welstand vir vroue, kinders, adolessente en versorgers in gebiede met min hulpbronne te verbeter. Ons navorsing spreek sommige van die Beijing-verklaring se kritieke areas aan, soos moedergesondheid, seksuele voortplantingsgesondheid, geweld en trauma. Vir die ek het die afgelope vyf jaar die voorreg gehad om saam met 'n span te werk wat daaraan toegewy is om die einste kwessies wat vroue raak en wat ek in die beradingskamer teëgekom het en wat my dikwels magteloos laat voel het, aan te pak.

Navorsing speel 'n belangrike rol in die voorspraak vir vroueregte en die bereiking van vrouebemagtiging en geslagsgelykheid. Deur navorsing kry ons insig in vroue se geleefde ervarings en die hindernisse wat hulle in die gesig staar. Op grond van die inligting wat hulle verskaf, kan navorsers intervensies in oorleg met hulle ontwikkel om kwessies soos geestes- en moedergesondheidsuitdagings aan te spreek.

Navorsing bied ook 'n openbare platform om vroue se ervarings te deel, potensiële beleidmakers en belanghebbendes te bereik wat die bevindinge en voorgestelde intervensies kan gebruik om vroue se behoeftes op plaaslike, nasionale en internasionale vlak aan te spreek. Een so 'n voorbeeld is die samewerking tussen navorsingsinstellings om impakvolle bewyse oor vroue se welstand te genereer.

Die ILCHR is sedert 2008 'n langtermynstudie oor die impak van 'n huisbesoekintervensie gedurende die perinatale periode besig. Opgeleide gemeenskapsgesondheidswerkers van die Philani Maternal Child Health and Nutrition Trust het huisbesoeke gedoen om 'n reeks moeder- en kindergesondheidsuitkomste met betrekking tot MIV, voeding, alkoholgebruik, geestesgesondheid en algemene gesondheidsorgpraktyke te verbeter. Die kinders wat aan die oorspronklike Philani-studie deelgeneem het, is nou ver in hulle adolessensie, en die span gaan voort om opvolgassesserings saam met hulle en hulle ma's of versorgers uit te voer om die langtermynuitwerking van die intervensie te bepaal en om hulle gesondheids- en ontwikkelingsbane dop te hou.

Die ILCHR het in 2018 'n vennootskap met die Universiteit van Cambridge aangegaan vir die Evidence for Better Lives Study, 'n epidemiologiese studie van blootstelling aan geweld en teëspoed gedurende swangerskap in agt lae- en middelinkomstelande (Jamaika, Ghana, Pakistan, die Filippyne, Roemenië, Suid-Afrika, Sri Lanka en Viëtnam). In Suid-Afrika is 150 swanger vroue geassesseer aan die hand van ervarings van geweld, voeding en voedselsekerheid, en kinder- en moederwelstand.

Nadat die ontleding van die data voltooi is, het die ILCHR 'n beleidsimpakwerkswinkel by die Ukwanda Landelike Kliniese Skool in Worcester vir beleidmakers, belangstellende navorsers, plaaslike regeringspersoneel en gesondheidswerkers gehou om die navorsingsbevindinge aan te bied en implikasies vir die praktyk te bespreek. Een belangrike bevinding het aan die lig gebring dat 41% van die vroue geweld in intieme verhoudings ondervind het terwyl hulle swanger was. Hierdie bevindings beklemtoon die dringende behoefte aan geteikende intervensies en beleide wat swanger vroue se veiligheid en welstand ondersteun, wat die rol van navorsing in die voorspraak vir vroueregte versterk.

Die ILCHR, in vennootskap met die One to One Children's Fund Africa, het die afgelope jaar die MASANA-navorsingsprojek van stapel gestuur om jong adolessentema's wat met MIV in die Oos-Kaap leef, te ondersteun. Die projek poog om toegang tot en behoud van MIV-sorg, ouerskapsondersteuning en seksuele en reproduktiewe gesondheidsdienste vir hierdie jong moeders te verbeter. Die MASANA-projek het die spesifieke faktore ondersoek wat behoud beïnvloed deur die risikofaktore wat jonger versus ouer adolessentema's beïnvloed, aan te teken en potensiële instrumente te identifiseer om intervensies te vergemaklik.

Hierdie projek is van kardinale belang vir die bevordering van die moeder- en seksuele reproduktiewe gesondheidsregte van jong vroue en meisies. Die versterking van gesondheidsorgstelsels om toeganklik er te wees en op adolessente se unieke behoeftes te reageer, strook direk met die Beijing-verklaring se prioriteitsarea van vroue en gesondheid, veral om billike toegang tot sorg te verseker.

Die ILCHR het pas saam met die Universiteit van Roehampton 'n nuwe navorsingskonsortium genaamd "Community Health Interventions through Musical Engagement (CHIME) for Maternal Mental Health" van stapel gestuur, wat deur die VK se NIHR gefinansier word. Die projek het ten doel om te ondersoek hoe musikale praktyke wat kultureel ingebed is, perinatale geestesgesondheid kan ondersteun. Dit bou voort op 'n groeiende bewysbasis oor hoe deelname aan musiek geestesgesondheid en welstand kan verbeter, insluitende gedurende swangerskap.

Die rol van navorsing in die voorspraak vir vroueregte en bemagtiging en die bevordering van geslagsgelykheid kan nie onderskat word nie. Dit is belangrik om meer platforms te vestig waar navorsingsinstellings, die burgerlike samelewing, die regering, gemeenskapsleiers en ander belanghebbendes kan saamwerk om die uitdagings wat vroue in die gesig staar, aan te spreek. Deur saam te werk en navorsingsgedrewe oplossings te gebruik, kan ons 'n regverdiger en billiker wêreld vir alle vroue en meisies skep.

***Yeukai Chideya is 'n navorser by die Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing aan die Universiteit Stellenbosch.**